STRAATWERK

Kersfees 2011
Volume 43 Nr. 4

IN HIERDIE UITGAWE

God is teenwoordig in ‘n bordeel.....1

Program vir Aksie Immanuel 2011 2

Om ‘n pa te ‘produce’ vir Kersfees.....3

Borg ‘n botteltjie water... 4

God is **teenwoordig** in ‘n **bordeel**

Lisa de Palma

Daar is ‘n kar in die oprit geparkeer toe ons by die huis aankom en ons albei wonder of ‘n kliënt dit reggekry het om voor ons daar te wees op dié Maandagoggend, om 10:30. Ons stap die huis in en word begroet deur vroegoggend chaos: van die vroue is besig om te stort en aan te trek, ander brand kruie in die kombuis om “slegte geeste” uit die huis te hou, die telefoon lui en die televisie blêr.

Ons is vroeër in die week deur die eienares van die bordeel uitgenooi, maar tussen die chaos deur blyk dit dat niemand van ons kuier weet nie, ook nie dat ons gedagtes uit die Woord met hulle wil deel nie. Inteendeel, Dana*, een van die inwoners, verduidelik dat dit nie ‘n goeie tyd is nie – een van die vroue is wel reeds besig met ‘n kliënt en daar is baie dingetjies wat op ‘n Maandagoggend gedoen moet word. Tog, na ‘n rukkie, stem sy in dat hulle ‘n paar minute kan gebruik om na ons te luister... sodra Angie* klaar is met haar kliënt en Zoë* uit die stort is. Ons sit vir 15 minute en wag terwyl die telefone lui, die sitkamer oorweldig word met die verstikkende reuk van gebrande kruie, en die vroue hulle grimering en hare doen.

Uiteindelik hoor ons die klank van ‘n mansstem wat na die voordeur begelei word en dit neem nog 10 minute om die vroue in die sitkamer bymekaar te kry. Van die vroue se aandag is nie by ons nie en hulle is haastig om terug te keer na die normale roetine van hulle dag, maar hulle is te beleefd om ons te weier. Die ander sit daar met gesigte vol afwagting en nuuskierigheid. Uiteindelik kan ons begin, net om onderbreek te word deur die oorverdowende klank van ‘n motorfiets wat verbyjaag en ons woorde verdring, en kort daarna begin die telefoon weer lui. Dana

>> *Vervolg op agterblad*

“Waar iemand op aarde, in die Naam van Christus in die hemel, probeer om diens te lewer, probeer om van hierdie wêreld ‘n leefbaarder, vriendeliker, veiliger plek te maak, is die Heilige Gees besig om midde-in die Winter van hierdie wêreld lentebloeisels te laat bot, tekens wat verkondig: God se somer kom!” *(Flip Theron)*

Ons opregte dank aan jou wat hierdie nuusbrief in die hand het, vir jou voorbidding en ondersteuning op watter manier ook al. Dat ons saam aan die einde van 2011 kan getuig: “God se somer kom!”

Fourie en almal by Straatwerk

Program vir
Aksie Immanuel 2011

(hierdie program is onderhewig aan veranderinge)

Aksie Immanuel is die tyd van die jaar waar ons al die uitreike wat ons gedurende die jaar gedoen het wil onderstreep. Van die uitreike en geleenthede is vir mense met wie ons al die afgelope jaar 'n pad gestap het, van die uitreike is om barmhartigheid te bewys en diensbaar te wees in die middestad. Met alles wat ons doen wil ons sien dat mense beleef dat dit Jesus is wat in liefde uitreik na hulle.

Bid, neem deel en geniet hierdie wonderlike tyd van die jaar – Kersfeestyd!

Vrydag 16 Desember 2011

Diensevangelisasie-opleiding ter voorbereiding vir die res van die week se uitreike.

Aand:

Diensbaarheidsuitreike vanaf 21:30 tot ongeveer 03:00 by die nagmark en die nagklubs in die middestad, asook uitreike na vroue vasgevang in prostitusie, uitsmyters en mense wat doelloos op die strate van Kaapstad ronddwaal.

Saterdag 17 Desember 2011

Middag:

Poeding-uitreik op die promenade in Seepunt.

Sondag 18 Desember 2011

Oggend:

Kort staproete met uitreik daarmee saam.

Maandag 19 Desember 2011

Oggend:

Voorbereidings vir Kersfeespartytjie van *OPHELP Projekte*.

Deelname aan *OPHELP Projekte* deur die strate van Kaapstad skoon te maak.

Middag:

Kersfeespartytjie vir persone wat gedurende die jaar deel was van *OPHELP Projekte*.

Dinsdag 20 Desember 2011

Oggend:

Diensbaarheidsuitreike op die treinstasie asook in die Tuine van Kaapstad.

Werwing van haweloses om deel te neem aan *OPHELP Projekte*.

Middag:

Uitreik by die verkeersligte in die middestad van Kaapstad met die *Waardevol vir Jesus*-veldtog se boodskap: STOP seksuele misbruik, prostitusie en pornografie – NIE te koop NIE.

Aand:

Diensbaarheidsuitreik in Parow-area.

Woensdag 21 Desember 2011

Oggend en middag:

Pretdag en Kersfeespartytjie vir die kleiner kinders wat deel was van die *Waardevol vir Jesus*-klub in Badsberg Close, Heideveld.

Aand:

Voorbereidings vir volgende dag se partytjie.

Donderdag 22 Desember 2011

Oggend en middag:

Pretdag en Kersfeespartytjie vir die groter kinders wat deel was van die *Waardevol vir Jesus*-klub in Badsberg Close, Heideveld.

Vrydag 23 Desember 2011

Oggend:

Waardevol vir Jesus bewusmakingsdag op die Kaapse Vlakte en gebed.

Aand:

Diensbaarheidsuitreike vanaf 21:30 tot 03:00 by die nagmark en die nagklubs in die middestad, asook uitreike na vroue vasgevang in prostitusie, uitsmyters en mense wat doelloos op die strate van Kaapstad ronddwaal.

Saterdag 24 Desember 2011

Middag:

Diensbaarheidsuitreik in die middestad van Kaapstad.

Sondag 25 Desember 2011

Oggend:

Uitreike na polisiestasies met lekkernye vir die personeel aan diens sowel as die aangehoudenes. 'n Manier om mense te herinner dat die Here hulle nie vergeet het nie (ongeveer 1 300 persone).

Vir meer inligting, 'n uur-tot-uur program van die uitreike of deelname aan die uitreike, skakel gerus vir Lisa Truter by 021 930 8055 of 072 390 7437; of lisa@straatwerk.org.za

Aksie Immanuel benodigdhede

- GEBED
- gewillige hande
- finansies
- koffie, suiker, rooibostee, langlewe melk
- toiletpapier en toiletware (seep, tandepasta en tandeborsels, sjampoe, waslappe, skeermesse)
- vir uitreike op straat: stokkielekkers, ander lekkers, niknaks of enige ander aartappelskyfies, koeldrank ens.
- vir die pretdag vir die kinders: lekkernye, vrugte, roomys, ens.
- enige kinderspeletjies bv. balle, legkaarte, inkleurboeke en kryt, ens.
- handdoeke

Om ‘n pa te ‘produce’ vir Kersfees...

(opskrif geleen uit ‘n artikel wat vroeër die jaar in Die Burger verskyn het)

Lisa Truter

Dit was ‘n soel somersaand en almal in Badsberg Close in Heideveld was buite. Ek onthou dit soos gister. Justin het met sy overall vol verf verbygeloop en ons het sommer spontaan begin gesels oor sy anger-management problems, die moordsaak wat oor sy kop hang, sy vuiste wat hy té vrylik gebruik op sy vrou, kinders en vriende en ook oor die dae toe hy maar net ‘n klein seuntjie was met ‘n vreeslike streng pa. Sy laaste woorde aan my, voor hy aangestap het na hulle houthok, was: “Ek wil regtig baie graag regkom, Lisa.”

Dié regkom het ek gesien gebeur, baie stadig, maar tog. Sommige dae was dit een tree vooruit en veral naweke weer tien tree agteruit, maar altyd ‘n huiwerende stappie in die regte rigting. Justin het nie omgegee as ek hom kwaai aangespreek het oor sy humeur nie en ek is altyd vriendelik verwelkom in hulle eenvoudige houthok. Ek het baie hoop gehad vir hierdie gesin. Hulle is die enigste gesin in ons straat met ‘n ma en pa. Die ma en pa is getroud en die twee kinders is albei van dieselfde ouers.

Op Sondagmiddag, 16 Oktober 2011, het Justin vir sy vrou gevra of sy vir hom lief is. Sy was heel uit die veld geslaan en na die vraag het hy sy liefde aan haar verklaar en vergifnis gevra vir alles wat hy deur al die jare aan haar en die kinders gedoen het. Op Maandagaand, 17 Oktober, het hy teen 21:00 die aand gesê dat hy ‘n draaitjie gaan loop.

Justin het nooit weer teruggekeer na sy houthok en geliefde vrou en kinders nie. Oppad na sy vriend se huis is hy geskiet deur bendelede van die Junky Funky Kids, en hy is die volgende oggend in die hospitaal oorlede.

Dit het alles tien jaar gelede begin toe Justin een van die bendelede van die Junky Funky Kids se ringvinger met ‘n vleismes afgekap het uit selfverdediging. Uit wraak het hulle in 2003 Justin se broer doodgeskiet en in 2005 het Justin ‘n skoot in die maag gekry, maar die Junky Funky Kids was nie tevrede nie. Nou, aan die einde van 2011, is Justin dood en ek hoop die Junky Funkys is nou tevrede.

Ek wonder maar net hoe sal ons nou ‘n pa vir Raymondo (10) en Sinito (2) produce vir Kersfees?

Naskrif:

Justin, ek hoor jy het net na die kopskoot vir iemand gevra om vir jou te bid, want jy wou jou saak met die Here regmaak. Jou wens het waar geword Justin. Jy het reggekom.

Nou die dag toe hoor ek Koos du Plessis se *Gebed* oor die radio en ek dink aan jou:

Elke afdraai paadjie ken ek / Elke keer het ek verdwaal / Elke keer het U my iewers kom haal / Maak dit Heer, die laaste maal

Wat ek is, is net genade / Wat ek het, is net geleen / Eintlik smag ek na U waters van rus / Lei my Heer vanaand daarheen.

RIP, Justin. Ons sal jou mis.

Borg ‘n botteltjie water…

Niks is so lekker soos ‘n botteltjie yskoue water op ‘n snikhete dag nie. Aangesien ons nie meer soos in die ou dae putte in die stad het waar mense hulle dors kan les nie, het ons besluit om weer hierdie jaar gebruik te maak van botteltjies mineraalwater tydens ons uitreike.

Ons verras mense met Jesus se liefde deur vir hulle botteltjies mineraalwater te gee waneer hulle dit die minste verwag en ons boodskap daarby is uit Johannes 8 – *“…wie van die water drink wat Jesus gee sal nooit weer dors kry nie.”*

Borg ‘n botteltjie water teen R3,00 en help ons om so die boodskap van Verlossing te verkondig.

God is teenwoordig in ‘n bordeel *(vervolg)*

spring op om die deur toe te maak en ons druk deur met die voorlesing uit Johannes 8 en ‘n kort dvd insetsel oor Jesus se ontmoeting met die vrou wat in owerspel betrap is. Ons bespreek die storie met die vroue en hulle neem vrymoedig deel aan die gesprek.

Ons almal stem saam dat ons ‘n keuse het om die sondige lewe agter te laat en Jesus te volg, maar hulle hou vol dat dit glad nie maklik is nie want hulle het die geld nodig. Angie, die nuutste toevoeging tot die “bordeel-familie” is vinnig in haar reaksie dat sy nie dié werk kan los nie aangesien sy geen ander manier het om vir haar kinders te voorsien nie. Aan haar houding kan ons sien dat sy reeds haar situasie bekyk het en tot ‘n slotsom gekom het. Niks en niemand gaan haar van haar lewensplan laat afwyk nie. Die voordeurklokkie lui en Dana staan vinnig op om die deur oop te maak, maar sê darem: “Ons is besig. Kom oor ‘n uur terug”.

Na nog bespreking en insette van die vroue wys ons nog ‘n stukkie van ‘n dvd. Teen hierdie tyd het die hele atmosfeer in die huis verander en die vroue het op hulle gemak begin vrae vra oor dinge waaroor hulle nog altyd gewonder het: *Kan ek met God praat as ek steeds besig is om hierdie dinge te doen? Is die slegte dinge wat met my gebeur God se manier om vir my te sê dat ek na Hom toe moet draai? Of is die slegte dinge van die duiwel? Of is dit omdat ek besig is met hierdie tipe werk?”*

Stadig maar seker begin hulle maskers afkom en hulle erken dat die werk wat hulle doen soos “selfmoord elke dag” is en dat dit “erger is as om in die tronk te wees”.

Hulle erken ook dat dit vir hulle onmoontlik is om met “gewone” mense te sosialiseer, dat hulle die heeltyd moet lieg en bedrieg en dat hulle glad nie meer normaal kan optree nie. Duidelik het dit wat hulle gedagtes gevange gehou het en die take wat hulle nog wou doen, minder belangrik geword en vir die volgende 45 minute het ons ‘n lewendige gesprek oor God en die lewe. Na die gesprek gee ons vir hulle ons telefoonnommers, asook stories van vroue wie die leefstyl van prostitusie agtergelaat het en nou vir Jesus volg. Hulle aanvaar dit gretig, soos kinders wat ‘n handvol lekkergoed ontvang. Van hulle begin sommer dadelik die stories lees.

Ons het dié dag aangehou om met die vroue te gesels, en van hulle het die jarelange pyn wat in hulle harte is met ons begin deel terwyl trane by hulle wange afgerol het. Een van hulle was Angie. Die nuwe meisie. Dit was ‘n heilige oomblik. En ja, God is teenwoordig in ‘n bordeel.

**Skuilname is gebruik*

STRAATWERK
Die liggaam van Christus in Aksie
Posbus 910
Parow
7499
Tel: +27 21 9308055
Faks: +27 21 9307690

E-pos: admin@straatwerk.org.za
Registrasienr. NPO 003276
ABSA takkode: 502110
ABSA rekeningnr: 450800457

Die liefde van Christus dring ons!